LAERSKOOL SWARTKOP

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012 654 1181 / 087 110 0191 Faks 086 560 1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swarries.co.za

19 April 2018

OMSENDBRIEF 11/2018

Geagte ouers

Hiermee die volgende vir u kennisname:

1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR

George Bernard Shaw skryf dat "*Life is no brief candle for me. It is a sort of splendid torch which I have got hold of for the moment and I want to make it burn as brightly as possible before handing it on to future generations*." Ons, as vennote (ouers en onderwysers), in die opvoeding van jongmense, kan gerus hierdie stelling ons lewensmotto maak. Met ons huidige positiewe skoolgemeenskap, kan ons beslis Laerskool Swartkop die toonaangewende, Christelike laerskool in Centurion maak.

Ons rugby-, skaak- en netbalspanne speel tans ligawedstryde en van ons seuns neem ook aan provinsiale proewe deel. Ons wens hulle sterkte toe en glo hulle sal raakgesien word. Op kultuurterrein woel dinge ook en tree ons redenaars ook tans op. Ons vra ook dat u, as ouers, die leerders sal ondersteun en waar moontlik, optredes en wedstryde sal bywoon.

Ons wens ook ons leerders sterkte toe met die kaskardag wat Vrydag plaasvind.

Ons wil u as ouers vriendelik versoek om toe te sien dat u kind gereeld sport- en kultuuroefeninge bywoon, sodat spanne sinvol kan oefen. Verder vra ons vriendelik dat u sal toesien dat u kind se voorkoms (kleredrag en hare) voldoen aan die skool se voorkomsreëls.

Bogenoemde is noodsaaklik vir effektiewe onderrig en om skoolaktiwiteite op 'n hoë vlak te kan bedryf.

Byvoorbaat dankie vir u ondersteuning en belangstelling in u kind se skoolloopbaan.

"*Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.*"
Mattheus 5:3

2. 6-DAG ROOSTER en WEEKROGRAM (GR 4-7)

Weeksdag	Rooster	Belangrikste gebeure vir die week
Maandag, 23ste April	Dag 3	Jnr koor oef 13:40, Tennis daagwedstryde,
Dinsdag, 24ste	Dag 4	Rugby & Netbal Liga teen L/s Bakenkop (weg), Tennis daagwedstryde
Woensdag, 25ste	Dag 5	Tennis daagwedstryde
Donderdag, 26ste	Dag 6	Tennis daagwedstryde, Gr R Mamma & Pappa dag
Vrydag, 27ste	-	Vryheidsdag (Langnaweek)

3. WINTERSDRAG

As gevolg van die seisoen wat besig is om te draai is die kinders welkom om nou reeds wintersdrag te dra. Ons skakel formeel oor na wintersdrag op Woensdag, 2 Mei. Gedurende die wintermaande dra die leerders NIE Swarriedrag op Vrydae nie, maar wel gewone skooldrag.

4. KLERESKENKINGS GEVRA

Ons het 'n groot tekort aan formele wintersdrag by die skool se tweedehandse klerewinkel. Enige skenkings sal baie waardeer word, veral truie, langbroeke en rompies vir die dogters.

5. SKOOLSWEETPAKKE

Die skool se sweetpakke is by Wierda park Uitrusters beskikbaar. Dit is nie verpligtend nie, maar kan gedra word tydens sportgeleenthede.

6. SWARRIE UITBLINKERS

Baie geluk aan die volgende leerders met hulle prestasies:

Conrad Botha verwerf Noord-Gauteng kleure (Wit skild) vir stoei. Hy neem deel aan die SA Presidente Stoeikampioenskap teen o/13 deelnemers, kom tweede en ontvang 'n silwer medalje.

Aniela Jablonski neem deel aan die Battle of the Giants Dans kompetisie by Sun City, en behaal 'n goue medalje (1ste plek) vir Moderne Groepdans en 2de plek vir Modern Duet.

Melindie Reyneke het tydens die skoolvakansie deelgeneem aan die SABOD Battle of the Giants dans kompetisie by Sun City en verower 'n 3de plek in die modern duo en 1ste plek in modern group.
Madison van Niekerk het ook deelgeneem aan die SABOD Battle of the Giants dans kompetisie by Sun City en verower die volgende: 1ste plek o/11 Modern dans groep, 3de plek o/11 Hip Hop groepe, 4de plek 9-10 jr Hip hop duo en 6de plek 9-10 jr meisies Hip hop solo.
Vané Geldenhuys verwerf 'n medalje by die 5km Hero Run.
Erick Knoesen ontvang 'n toekenning vir die beste Bowler & Fielder in sy span asook mvp vir wedstryd (Nationals).
Corneil Groenewald ontvang 'n goue medalje vir visvang.
Chrisjan Pienaar, James Potgieter, Ryan Dyason en Jeandré Jansen neem deel aan die Nasionale Binneshuise Krieket kampioenskappe en wen onderskeidelik verskeie pryse, trofees ens. Hul speel 10 wedstryde in 7 dae.
Ryan en Jeandré speel vir die Gauteng Noord Warriors span en wen verskeie pryse soos speler van die wedstryd, beste fielder, beste bowler. Ryan was kaptein van die span.
Chrisjan en James speel vir die Vikings Gauteng Noord span en wen 'n goue medalje en die wisseltrofee (wenners). James word aangewys as beste Fielder en Man of the Match.
Arno Laubscher, Marnus Laubsher, Reghard Laubscher en Jacob Kleinhans is gekies om ons skool by die Gauteng Noord Biathlon (Tweekamp) te verteenwoordig. Dit behels middelafstand hardloop en swem.

Groete

MNR M VAN DER MERWE
SKOOLHOOF